2. **DATUM VAN ONTEIENING EN UITOEFENING VAN GRONDREGTE OP DIE EIENDOM DEUR ESKOM**

2.1 Die Minister se besluit van 30 September 2016 is die effektiewe datum van onteiening.

2.2 Eskom het die grondregte op die eiendom uitgeoefen toe die maatskappy besit en oordrag van die eiendom geneem het.

3. **VERGOEDING**

3.1 Die Departement van Openbare Werke sal die maatskappy ingevolge artikel 11 van die Onteieningswet vergoed teen 'n bedrag van R1 294 711.01 (een miljoen twee honderd vier-en-negentig duisend sewe honderd en elf rand en een sent)

3.2 Die maatskappy se aandag word gevestig op artikel 9(1)(a), (b), (c), (d)(i), (ii) en (iii) en (e) en artikel 12(3)(a)(ii) van die Onteieningswet, wat soos volg bepaal:

9(1) 'n Eienaar wie se goed ingevolge hierdie Wet onteien is, moet binne sestig dae vanaf die betrokke kennisgewingsdatum aan die Minister lewer of laat lewer 'n skriftelike verklaring waarin aangedui word –